DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

29 Januarie 2023



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 1 Thessalonisense 1 |
| **Tema** | Die kragbron van 'n lewende gemeente |
| **Sang** | Psalm 33: 1, 6<br>Psalm 9: 7, 10<br>Psalm 61: 1, 6<br>Psalm 2: 1, 6<br>Psalm 68: 9, 13 |

1. Die wonder van die verkiesing deur die Here

2. Die werking van die Heilige Gees.

1. Thessalonika was 'n hawestad met 'n konsentrasie van afgod stempels, bordele, smokkelary, diefstal, dronkenskap, liederlike taal en menslike ellende. Dit was kortweg 'n poel van verderf. In hierdie stad roep God 'n gemeente van Christus. Uit al die duisende wek Hy sekere mense op om Jesus Christus te volg. Dit is verkiesing. God red mense uit hulle ellende, omdat Hy genadig, barmhartig en liefdevol is.

Dink ernstig hieroor na - God het my lief. Ek met al my gebreke, my gebrek aan ywer in diens van God, my aangebore egoïsme. Jy is 'n deur God beminde suster en broer. Wees baie bly daaroor. Wees bly saam met jou broer en suster in die geloof.

2. Die Griekse woord vir krag wat Paulus hier gebruik is: 'dynamis'. Daarvan is ons woord dinamiet afgelei. Die Evangelieprediking werk as dinamiet. Dit lê dinamiet onder 'n lewe vol afgodediens, 'n lewe vol eie diens, 'n lewe vol slawerny aan genot. Waar die Evangelie van Christus aanvaar word, daar spat so 'n ongeloofslewe uit mekaar. Maar tegelyk lê die dinamiet van die Evangelie die basis vir 'n nuwe lewe. 'n Lewe van geloof, hoop en liefde.

Dit is wat in Thessalonika gebeur het. Hulle het gebreek met hul ou lewe. Hulle is vernuwe deur die Woord en die Heilige Gees. En dit is dan te danke aan die krag van die Heilige Gees! Sy goddelike krag het die lewensverandering by die Thessalonisense aan die gang gesit. Deur Sy krag het daar 'n lewende gemeente to stand gekom. Sonder die werk van die Heilige Gees, is die ontstaan en die bestaan van 'n gemeente van Christus nie denkbaar nie. Slegs waar die Heilige Gees werksaam is, kan daar 'n lewende gemeente van Christus wees.

Ons kan nie sonder Hom nie. Alleen die Heilige Gees kan mense tot geloof bring. Alleen die Heilige Gees kan vir ons sekerheid in die geloof gee. En juis dit het ons nodig as ons ander mense wil bereik.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Nantes (oupa) en Sarie Kotze (ouma-grootjie) en hulle familie vir die spoedige genesing en herstel van hulle kleinseun, wat die afgelope week deur 'n slang in die gesig gepik is. Ons is dankbaar dat die Here hom bewaar het.
* Ons bid vir almal in die gemeete wat ongesteld is en wie se gesondheid nie na wense is nie. Ma ons hemelse Vader julle dra en in die geloof bly versterk.
* Baie geluk aan ons ouers en kinders met die mooi prestasies van die atlete.

# KONSISTORIEDIENSBEURTE 29 JAN 2023

**Diensbeurt: Wyk 5**
**Ouderling: Hendrik vd Walt**

**Katkisasie: Les 2**
**Diaken: Comin vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

# TEESKINKBEURTE




**29 Januarie 2023**
Christa Carlisle
Annamart Coetzee
Susan Coetzee
Rioni Combrink

**5 Februarie 2023**
**Lynn-Marie Combrink**
**Annemie De Klerk**
**Betsie De Witt**
**Annemarie Du PLessis**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 31 Jan 2023 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 1 Feb 2023 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 3 Feb 2023 | 17:00 | *Kerk* | Silwerdoppers Vetkoeke |
| 4 Feb 2023 | 09:30 | *GK PBG –Noord* | Susters Tee |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Ouderdom** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 29 Jan | **Ina Fouché *** | **77** | B | 083 468 2130 |
| Ma 30 Jan | **Bennie Bronkhorst *** | **70** | B | 082 808 7670 |
| Sa 4 Feb | Elzje vd Walt<br>Sarel Venter<br>Christine de Lange<br>Gideon Holtzhauzen | 67<br>62<br>57<br>4 | B<br>B<br>B<br>D | 082 802 6942<br>082 809 0222<br>076 329 6563<br>073 556 8971 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (Di) 31 Jan 1987 | Gavin & Lana Nel | 36 | 082 565 8441<br>083 794 4958 |
| (Wo) 1 Feb 1992 | Riaan & Bonnie Jv Rensburg | 31 | 082 421 8179<br>082 807 6210 |
| (Wo) 1 Feb 1992 | Hendri & Daleen Korff | 31 | 083 602 0064<br>083 651 8601 |
| (Vr) 3 Feb 2007 | Christiaan & Lienkie Hoogendyk | 16 | 084 802 3323<br>066 240 3118 |
| (Sa) 4 Feb 1984 | Louiz & Petro Holtzhausen | 39 | 073 160 9429<br>073 160 9430 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Here, leer my hoe om u voorskrifte uit te voer,**
**sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou.**
**Gee my insig, dat ek u wet kan gehoorsaam**
**en dit met my hele hart kan onderhou.**
**Laat my wandel volgens u gebooie,**
**want daarin vind ek vreugde.**

**Psalm 119: 33-35**

## AGAPE OMGEE GROEP

Dit is 'n realiteit dat in vandag se samelewing **mense vereensaam en smag na geselskap en omgang met ander mense**, en om hierdie rede **het ons 'n groep gestig om mense te besoek en by te staan wat afgesonder of eensaam voel, agv ouderdom/ siekte/ander omstandighede.**




Enige **lidmaat(van alle ouderdomme) wat geroepe voel** om deel van die groep te wees word versoek om **Koemi vd Walt(082 459 3832) te kontak.** Jy sal dan ingedeel word by 'n hoeveelheid besoek punte (van jou keuse).

**Ook doen ons beroep op lidmate wat besoek wil word, of lid-mate wat kennis dra van sulke mense, om ook vir Koemi te kontak.**

## SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers verkoop weer lekker vetkoeke op Vrydag 3 Februarie 2023.**

**Vetkoeke met lekker maalvleis R35.00, vetkoeke gevul met 'n soet verrassing R25.00 en plein vetkoeke teen slegs R15.00 per vetkoek.**




**Voorkom teleurstelling en plaas jou naam NOU AL op die lys agter in die portaal of skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 of Antjie Du Toit op 083 305 7855.**


**Bestellings kan vanaf 10:00 afgehaal word of tussen 17:00 tot 18:00 die middag.**

# ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

***Belydende lidmate:***

Henk en Nikki Holtzhausen vanaf GK Dendron, asook dooplidmate Henk en Gideon Holtzhausen; asook Marelie Fick vanaf GK Koedoesrant, asook dooplidmate Mieke Mey en Monique Mey.



Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.

# ATTESTATE UIT

Die volgende lidmate het verhuis en by ander gemeentes ingeskakel

***Belydende lidmate:***

Francois Venter na GK Centurion;




Danie & Linamay Slabbert asook Margi Slabbert en Carlien Slabbert na GK Centurion;

Louis van Wyk na GK Nelspruit;

Corne en Christine Du Plessis na GK Lydenburg;

Corne en Michelle Van Greunen na GK Pretoria-Alkantrant;

Vian en Cornelie van Heerden na GK Strand;

**Bewys van lidmaatsakp** uitgereik aan:

Craig en Estelle Adams en dooplidmate Kaylie en Roan Adams na New Zealand.

# SUSTERSBYEENKOMS




## SUSTERSSAAMTREK 2023



## SUSTERSSAAMTREK VOORBEREIDING

**BROERS die susters sal op Saterdag 18 Februarie 2023 om 09:00 begin met die voorbereiding vir die Susterssaamtrek** wat hier by ons deur die susters aangebied sal word. **Kom ons manne kuier saam vanaf 12:00 om 'n braaivleis vuur soos net ons manne kan**, terwyl die susters besig is met die voorbereiding , **verras hulle met 'n worsbroodjie vir middag ete. Susters wat kom help met die voorbereiding en die broers wat saam gaan kuier sit asb julle name op die lyste agter in die portaal. Baie dankie aan almal wat kom help.**



## LAPSAK PROJEK

**Die diakonie gaan met 'n "lapsak" projek begin** om op die wyse ons kos kaste aan te vul. **Leë sakke sal elke Sondag agter in die portaal beskikbaar wees met 'n wens lysie op. Lidmate kan dan 'n sak neem wat hy/sy dan kan vul met die wens lys benodighede in**, en bring dan net die sak die volgende Sondag terug en **plaas dit dan in 'n krat wat voorsien sal word.** Die diakonie bedank almal vir hulle hulp en samewerking.



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

**Ps 23 gee groot geleentheid om op 'n eenvoudige manier van die soekend mens na God te Lei.**

**Geloof: Die Here is my herder (iemand wat twyfel lei hom na die Here)**

**Sekerheid: Niks sal my ontbreek nie (waar word sekerheid gesoek)**



## Ps 23

**Tevredenheid: Hy laat my neerlê in groen weivelde**

**Rus en Vrede: Na waters waar rus is, lei Hy my heen**

**(iemand wat heeltyd jaag en soek na meer)**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

**Kom ons word ‘n biddende gemeente, wie vir mekaar en ander bid.**

- **Maak ‘n gewoonte om vir spesifieke mense te bid, jy kan selfs ‘n leisie maak van persone en hul nood.**



## Praat saam....

**1Joh 5:14**
**En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigeiets volgends Sy wil vra.**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf** www.gereformeerd.co.za | E-pos : admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*4Broers, ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het, 5want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil.*

*1 Thessalonisense 1: 4 & 5*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**